Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

6 Maart 2020

Geagte Ouer/Voog,

OMSENDBRIEF NR. 3 VAN 2020

I.S. BOELIE BEWUSMAKING

Om ons skool se boelie-bewusmaking verder te bevorder, het ons dit goed gedink om Boelie bewusmakings-praatjies vir die leerders te reël. Dié praatjies is gesentreerd rondom Christelike waardes, selfbeeld/identiteit en waardigheid.

Die volgende datums is gereël:

1. Willem Engelbrecht (Jo Black se broer)	Dinsdag, 17 Maart 2020
2. Jo Black	Woensdag, 4 Junie 2020

Die skool se boelie stelsel werk soos volg:

- Leerders moet eerstens boelie-gevalle aanmeld by 'n onderwyser op terreindiens en/of hulle register-onderwyser.
- Dit is belangrik dat aanmelding dadelik plaasvind. Dit maak dit makliker om die situasie te ondersoek en op te tree.
- Neem kennis dat boelie nie verwys na 'n eenmalige geveg of onderonsie tussen leerders nie. Boelie beteken 'n leerder word deur 'n ander geteiken en herhaaldelik afgeknou, seergemaak of sleg gesê.
- Die personeellid by wie dit aangemeld is sal die saak ondersoek, tesame met die dissiplinehoof van dié betrokke graad.
- Daar word van leerders verwag om insidentverslae te voltooi en soms word van kamera beeldmateriaal gebruik gemaak om die uitkoms van die situasie te bepaal.
- Daarna word elke leerder individueel gestraf volgens die stappe uiteengesit in die gedragskode van die skool wat elke ouer aan die begin van die jaar onderteken het.
- Hierop volg dissiplinêre stappe wat kan insluit: detensie, alternatiewe strawwe soos bepaal deur die dissiplinêre komitee, dissiplinêre gesprekke en/of verhore en moontlike skorsing.

Ons vra dat u asseblief met u kind/ers sal praat oor boelie gedrag. Daar gaan inderdaad opgetree word teenoor hierdie leerders. U kan ook op die volgende skakel ingaan vir inligting *https//kelsoschoice.com/free-resources/wheel-of-choice/* .

By voorbaat dankie vir almal se samewerking en ondersteuning.

Haviegroete.

R DU PREEZ
WND/HOOF